Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: RSPR 671	Semester 1 & 2	32 Krediete	NKR-Vlak: 7
Titel: Navorsingsprojek			
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module sal studente toegerus wees met die vaardigheid om: <ul style="list-style-type: none">• 'n navorsingsprobleem in 'n spesifieke spesialisingsveld te identifiseer;• 'n voorstel te beplan vir 'n projek waarmee die geïdentifiseerde probleem ondersoek kan word;• die voorgestelde projek uit te voer onder begeleiding; en• 'n wetenskaplike verslag oor die projek te skryf.			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds / ODL			
Assesseringsmetodes: Projekverslag 100 %			

KERNMODULES

Modulekode: AFLG 671	Semester 1	12 Krediete	NKR-Vlak: 7
Titel: Verpligte module van Skool in Tale (Hons BA-keusemodule)			
Module-uitkomste: Na afloop van hierdie module moet die student in staat wees <ul style="list-style-type: none">• om taalteorie en taalpraktyk te versoen;• om sekondêre en primêre taalgebruiksbronne te kan identifiseer en gebruik;• om selfstandig te kan beredeneer oor normering as konsep in die taalkunde;• om basiese teksredigering te doen;• om hom/haar te kan verantwoord oor die geldigheid van 'n goed versorgde taaltteks al dan nie. * Module word slegs in Afrikaans aangebied			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: APLS 673	Semester 1 & 2	32 Krediete	NKR-Vlak: 7
Titel: Toegepaste Leerondersteuning			
Module-uitkomste:			
Na voltooiing van hierdie module sal studente toegerus wees met:			
<ul style="list-style-type: none"> • 'n wye kennis en begrip van die diverse leerbehoefes (leerhindernisse) in 'n verskeidenheid kontekste (skool, klaskamer, huis, omgewing) wat leerondersteuning nodig in terme van leer-, emosionele en sosiale, en kontekstuele ondersteuning; • kennis en vaardighede om die verskeie leerondersteuningsbenaderings en tegnieke toe te pas ten aansien van die diverse behoeftes wat in 'n verskeidenheid kontekste in praktyk kan voorkom; • vaardigheid in die toepassing van die verskeie ondersteuningsbenaderings in 'n verskeidenheid kontekste in praktyk; • kennis van die verskillende fases in die leerondersteuningsproses en die toepassing daarvan op die beplanning van ondersteuning van leerders wat leerhindernisse ervaar in praktyk; • geïntegreerde kennis en vaardighede om 'n ondersteuningsprogram te kan saamstel vir die onderskeie hindernisse wat leerders ondervind in praktyk; • 'n omvattende begrip van die teorieë oor inklusiewe onderwys; • kennis en vaardighede om die teoretiese perspektiewe oor inklusiewe onderwys in praktyk te analiseer en krities evalueer; • vaardigheid in die praktiese toepassing van die verskeie perspektiewe in 'n verskeidenheid kontekste in praktyk; • 'n toepaslike gesindheid ten opsigte van die etiese beginsels onderliggend aan en ingebed in inklusiewe onderwys. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds / ODL			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: BWOS 611	Semester 1	16 Krediete	NKR-Vlak: 7
Titel: Oefenkunde			
Module-uitkomste:			
Na voltooiing van hierdie module behoort die student toegerus te wees met:			
<ul style="list-style-type: none"> • 'n allesomvattende en sistematiese kennisbasis van Oefenkunde as wetenskap, as deel van Bewegingskunde, asook met die beginsels en teorieë van verwante fisiologie, kinesiologie, voeding en meting; • die vermoë om spesifieke probleme met verwysing na die bogenoemde te demonstreer; • die nodige kennis en vaardighede, om die beginsels van Oefenkunde as wetenskap, as deel van Bewegingskunde, asook die konsepte en teorieë van verwante fisiologie, kinesiologie, voeding en meting individueel en in groepe toe te pas op gevallestudies uit die praktyk; • die vermoë om spesifieke oefenprogramme te ontwerp en te evalueer in Oefenkunde, as deel van Bewegingskunde, volgens die beginsels van verwante fisiologie, kinesiologie, voeding en meting, beide individueel en in groepperaat; • die vermoë om 'n positiewe houding jeens Oefenkunde as wetenskap, as deel van Bewegingskunde, asook verwante fisiologie, kinesiologie, voeding en meting, te demonstreer en ook om dit by leerders te stimuleer; • die vermoë om eties-verantwoordbaar op te tree jeens leerders tydens Oefenkunde, as deel van Bewegingskunde, volgens die beginsels en teorieë van verwante fisiologie, kinesiologie, voeding en meting gedurende die fasilitering van oefenprogramme 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: BWOS 612	Semester 1	16 Krediete	NKR-Vlak: 7
Titel: Motoriese leer en ontwikkeling			
Module-uitkomste:			
Na voltooiing van hierdie module behoort die student toegerus te wees met:			
<ul style="list-style-type: none"> • 'n allesomvattende en sistematiese kennisbasis van die terminologie, reëls, konsepte, beginsels, teorieë, metodes en strategieë met betrekking tot groot- en perseptueel-motoriese ontwikkeling, asook met 'n diep begrip van spesifieke probleme verwant aan die bogenoemde; • die vermoë om die beginsels van probleemidentifisering en remediërende bewegingsontwikkeling toe te pas in gevallestudies van die praktyk, beide individueel en in groepe; • die vermoë om spesifieke bewegingsprogramme om spesifieke groot-motoriese en perseptueel-motoriese probleme te remediëer, te ontwerp en te evalueer; • die handelwyse om 'n positiewe houding teenoor remediërende bewegingsontwikkeling te openbaar en ook hierdie houding by leerders te stimuleer. • die kennis en vaardighede om op 'n etiese wyse op te tree met betrekking tot leerders wat groot-motoriese of perseptueel-motoriese probleme mag ervaar gedurende die fasilitering van remediërende bewegingsprogramme. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: BWOS 621	Semester 2	16 Krediete	NKR-Vlak: 7
Titel: Talentidentifisering en –ontwikkeling.			
Module-uitkomste:			
Na voltooiing van hierdie module behoort die student toegerus te wees met:			
<ul style="list-style-type: none"> • die relevante kennis, vaardighede en insig met verwysing na al die relevante aspekte van talentidentifisering met betrekking tot spansport op skoolvlak; • die gepaste vaardighede en die gepaardgaande begrip van die toepassing van verskillende modelle van talentidentifisering en -ontwikkeling sowel as gepaste navorsingstegnieke; • die vermoë om jouself tot soliede etiese beginsels in alle kommunikasie- en praktiese toepassings van die talentidentifisering en -ontwikkelingsproses te verbind; • die vermoë om in groepe deel te neem tydens klasbesprekings en voorbereiding van sekere werkopdragte; • gepaste leierskapvaardighede wat van toepassing mag wees tydens die bestuur van talentidentifiseringspanne; • gepaste vaardighede om volledige verslae te skryf oor die bevindings waarin daar tot logiese gevolgtrekkings gekom word rakende die verdere ontwikkeling van talentvolle jongelinge; • die kennis en vaardighede om gepaste navorsingstegnieke te beplan, inisieer en gebruik, navorsing te doen oor talentidentifisering, en hierdie bevindings deur middel van 'n goed-georganiseerde verslag te kan weergee. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: BWOS 623	Semester 2	16 Krediete	NKR-Vlak: 7
Titel: Bewegingsonderwys en Onderwysreg			
Module-uitkomst:			
<p>Na voltooiing van hierdie module behoort die student toegerus te wees met:</p> <ul style="list-style-type: none"> • genoegsame praktiese en bruikbare kennis van toepaslike wetgewing en ander dokumente om te weet watter regsbronne geraadpleeg moet word in 'n verskeidenheid situasies wat verband hou met bewegingsontwikkeling en sportdeelname; • die vermoë om korrekte, ingeligte besluite te neem en prosedureel korrek en billik op te tree in bewegingsontwikkelingsverwante sake, in ooreenstemming met toepaslike onderwys-, sport- en ander wette; • die vermoë om in 'n verskeidenheid situasies – veral situasies wat kan aanleiding gee tot regsgedinge en spesifiek aanspreeklikheid as gevolg van nalatigheid – betroubare leiding te gee aan ander verantwoordelike en geïnteresseerde partye, soos lede van beheerliggame asook onderwysers; • 'n etiese en verantwoordelike houding te openbaar teenoor die interpretasie en toepassing van relevante wetgewing. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: BWOS 624	Semester 2	16 Krediete	NKR-Vlak: 7
Titel: Sport- en Bewegingsonderwysbestuur			
Module-uitkomst:			
<p>Na voltooiing van hierdie module behoort die student toegerus te wees met:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n allesomvattende en sistematiese kennisbasis van die terminologie, reëls, konsepte, beginsels, teorieë, metodes en strategieë met verwysing na bestuur van skoolsportprogramme, -ligas en -toernooie, en Liggaamlike Opvoeding-kurrikula en -programme in die skool; • essensiële teorieë, teks, metodes en strategieë met betrekking tot bestuur van skoolsportprogramme, -liga's en -toernooie, en Liggaamlike Opvoedingkurrikula en -programme in die skool te interpreteer, verander, evalueer en toe te pas; • die vermoë om onbekende, konkrete en abstrakte probleme met betrekking tot die bestuur van sportprogramme, -ligas en -toernooie, en Liggaamlike Opvoedingkurrikula en -programme in die skool op te los deur gebruik te maak van toepaslike tegnologiese vaardighede en bewys te lewer van die teoretiese begronding; • die vermoë om eties verantwoordelik en waarde-gedrewe op te tree in alle omstandighede en vorme van kommunikasie, geskrewe sowel as mondeling, met betrekking tot die bestuur van sport, en Liggaamlike Opvoeding en sport in die skool. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: CEPS 612	Semester 1	8 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Gemeenskap-Opvoedkundige Sielkunde			
Module-uitkomst:			
Na voltooiing van hierdie module behoort die student toegerus te wees met:			
<ul style="list-style-type: none"> • afgeronde kennis van die teoretiese grondslae van Opvoedkundige Sielkunde soos vervat in die eko-sistemiese perspektief, en van Gemeenskapsielkunde; • afgeronde kennis van die beginsels van gemeenskapsielkunde, insluitende gesondheidsbevordering, en van die verskillende rolspelers in die proses; • geïntegreerde kennis en vaardighede in die toepassing van die teorie oor gemeenskapsielkunde • toegepaste, geïntegreerde kennis, vaardigheid en houdings, sodat ontwikkelingsintervensies uitgevoer kan word om gesondheid en welsyn in verskeie kontekste te bevorder. 			
Metode van aflewering: Votlyds / Deeltyds / ODL			

Modulekode:CLIN 611	Semester 1	16 Krediete	NKR-Vlak: 7
Titel: Klaskameronderrig			
Module-uitkomst:			
Na voltooiing van hierdie module behoort die student toegerus te wees met:			
<ul style="list-style-type: none"> • omvattende kennis, praktiese vaardighede en houdings ten opsigte van strategiese onderrig sodat effektiewe onderrig-leergeleenthede geïmplementeer kan word in spesifieke leerareas, vakke en konstekste. 			
Metode van aflewering: Votlyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: CSIE 624	Semester 2	16 Krediete	NKR-Vlak: 7
Titel: Rekenaarwetenskap: kennis vir die onderwys			
Module-uitkomst:			
Na voltooiing van hierdie module behoort die studente toegerus te wees:			
<ul style="list-style-type: none"> • om gespesialiseerde kennis en vaardighede te demonstreer rakende die invloed van leerteorieë en verskillende leerstyle op die implementering van onderrig-, leer- en assesseringstrategieë wat noodsaaklik is vir effektiewe leer van die teoretiese en praktiese inhoud van IT/RTT op sekondêre onderwysvlak; • met grondige kennis en vaardighede rakende nuwe tendense in die ontwikkeling van Inligtings- en Kommunikasietegnologie (IKT) en die implementering daarvan in die onderrig, leer en assessering van IT/RTT. 			
Metode van aflewering: Votlyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: CUDE 611	Semester 1	16 Krediete	NKR-Vlak: 7
Titel: Kurrikulumontwikkeling			
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort studente:			
<ul style="list-style-type: none"> • die teorieë en modelle van kurrikulumstruktuur, -ontwikkeling, -evaluasië en innovering/verandering te verstaan; • die prosesse en prosedures van kurrikulumontwikkeling in Suid-Afrika te analiseer; • kritiese denke en analise van 'n wye verskeidenheid bekommernisse in kurrikulumontwikkeling te ontwikkel; • krities op die Nasionale Kurrikulumverklaring (Kurrikulum 2005 en NKV) te reflekteer; • begrip van die rol van navorsing in kurrikulumontwikkeling te demonstreer; • begrip vir die faktore wat kurrikulumverandering beïnvloed, te ontwikkel. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds / ODL			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: EDTM 616	Semester 1	16 Krediete	NKR-Vlak: 7
Titel: Inleiding tot omgewingsopvoeding			
Module-uitkomst: Studente demonstreer dat hulle beskik oor:			
<ul style="list-style-type: none"> • 'n uitgebreide, sistematiese en grondige kennisbasis van die agtergrondbeginsels van omgewingsopvoeding. • 'n uitgebreide, sistematiese kennis van die verskillende benaderings ten opsigte van omgewingsopvoeding. • die vermoë tot 'n kritiese analise van heersende omgewingsopvoedingsbeleid en -praktyke; • 'n etiese en professionele benadering in die onderrig, leer, assessering en navorsing in omgewingsopvoeding. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: EMLO 611	Semester 1	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Onderwysbestuur en -organisasies			
Module-uitkomst: Na afhandeling van hierdie module moet die student demonstreer dat die volgende bemeester is:			
<ul style="list-style-type: none"> • die verstaan van die struktuur en funksionering van die werksplek waarbinne onderwysbestuurshandelinge uitgevoer word; • die nodige kennis en insig in die ekologie (kultuur en klimaat); verandering en ontwikkeling van die onderwysorganisasie; • 'n grondige kennis en insig in onderwysbestuur as wetenskaplike veld van ondersoek, en • om te kan onderskei tussen die bestuurstake (hoe om te bestuur) en die bestuursareas (wat om te bestuur), en in staat wees om die bestuurshandelinge te kan toepas ten einde 'n effektiewe onderwysbestuurspraktyk te kan verseker. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds / ODL			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: ENLG 679	Semester 1 & 2	24 Krediete	NKR-Vlak: 7
Titel: Applied Language Studies			
Module-uitkomste: Outcomes and Assessment Criteria to be found in the yearbook of the Faculty of Arts.			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: EPSY 611	Semester 1	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Individuele Berading, Etiek en die Reg			
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module behoort die student toegerus te wees om: <ul style="list-style-type: none"> • menslike ervaring, probleme, gedrag en verskynsels te verstaan vanuit die eko-sistemiese perspektief; • die rol en identiteit van die berader aan te neem; • ingestel te wees op die interne supervisor deur doelbewus binne die grense van die Etiekreëls van die Beroepsraad vir Sielkunde en die Reg te praktiseer; • Egan se benadering tot berading by wyse van probleembestuur en geleentheidontwikkeling, toe te pas; • toepaslike sielkundige intervensies met kinders en volwassenes uit te voer; • die oplossingsgefokusde benadering ('Brief Solution Focussed Counselling') in berading te begryp; • die bydraes, bates, beperkings en die toepassing van verskillende beradingsteorieë te begryp. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: EPSY 612	Semester 1	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Psigometrie, Assessering en Beroepsontwikkeling			
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module behoort die student toegerus te wees met: <ul style="list-style-type: none"> • basiese kennis, vaardighede en houdings ten opsigte van psigometrie en beroepsontwikkelingsteorieë, om assessering te kan uitvoer en terugvoer aan kliënte te kan gee. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: EPSY 613	Semester 1	20 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Gemeenskap-Opvoedkundige Sielkunde vir Gesondheidsbevordering			
Module-uitkomste:			
Na voltooiing van hierdie module behoort die student toegerus te wees met:			
<ul style="list-style-type: none"> • afgeronde kennis van die teoretiese grondslae van Opvoedkundige Sielkunde soos vervat in die eko-sistemiese perspektief, en van Gemeenskapsielkunde; • afgeronde kennis van die beginsels van gesondheidsbevordering en van die verskillende rolspelers in die proses; • geïntegreerde kennis en vaardighede in die toepassing van die teorie oor gemeenskapsielkunde en gesondheidsbevordering; • toegepaste, geïntegreerde kennis, vaardigheid en houdings, sodat ontwikkelingsintervensies uitgevoer kan word om gesondheid en welsyn in verskeie kontekste te bevorder. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: EPSY 621	Semester 2	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Psigopatologie en Welsyn			
Module-uitkomste:			
Na voltooiing van hierdie module behoort die student toegerus te wees met:			
<ul style="list-style-type: none"> • basiese kennis, vaardighede en houdings waarmee verskeie sielkundige steurings in kinders, adolessente en volwassenes geïdentifiseer kan; • basiese kennis, vaardighede en houdings om persone wat gespesialiseerde berading of terapie benodig te verwys, en om welsynsbevorderende steun te verskaf. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: EPSY 622	Semester 2	16 Krediete	KKR-vlak: 7
Titel: Toegepaste Leerondersteuning in berading			
Module-uitkomste:			
Na voltooiing van hierdie module behoort die student toegerus te wees met:			
<ul style="list-style-type: none"> • vaardighede om leerders wat leerhindernisse ervaar te ondersteun; • geïntegreerde kennis en vaardighede om 'n ondersteuningsprogram op te stel vir 'n verskeidenheid behoeftes of hindernisse wat leerders ervaar; • hoë vaardigheid in die toepassing van verskeie ondersteuningsprogramme. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: EPSY 623	Semester 2	20 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Toegepaste Berading			
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort die student toegerus te wees om: <ul style="list-style-type: none"> die verkreeë kennis, vaardighede en houdings ten opsigte van beradingsteorie en -praktyk te integreer met kennis van die spesifieke aard en uitdagings van bepaalde beradingskontekste, en dit toe te pas in werklike lewensituasies; in 'n werklike gevallestudie die dieptekennis, vaardighede en houdings wat deurlopend in die program verkry is, te integreer en toe te pas. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: FLCE 621	Semester 2	8 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Fasilitering en Lekeberading vir Opvoeders			
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort die student toegerus te wees om: <ul style="list-style-type: none"> basiese kennis, vaardighede en houdings te integreer sodat leerders wat steun benodig of wat lewensprobleme ervaar, ondersteun kan word, en om daardie leerders wat gespesialiseerde berading benodig, te verwys; oor basiese kennis, vaardighede en houdings te beskik aan die hand waarvan emosionele en sosiale probleme by leerders en adolessente geïdentifiseer kan word, en om daardie leerders wat gespesialiseerde berading of terapie benodig, te verwys; kennis, vaardighede en houdings in die identifisering van emosionele en sosiale probleme by kinders en adolessente te demonstreer; kennis, vaardighede en houdings ten opsigte van die verwysing van leerders wat gespesialiseerde berading of terapie benodig, te demonstreer; kennis, vaardighede en houdings ten opsigte van ondersteuning vanuit 'n ekosistemiese perspektief te demonstreer. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: GEOE 621	Semester 2	16 Krediete	NKR-VLAK: 7
Titel: Onderrig en leer in Geografie-onderrig: Omgewingsonderrig			
Module-uitkomst: Studente demonstreer dat hul die volgende bereik het: <ul style="list-style-type: none"> uitgebreide, sistematiese en diep kennis tov die ontologiese en epistemologiese ontwikkelinge in Geografie en Geografie-onderrig/ Omgewingsonderrig. die vermoë om beginsels wat spreek uit die teorieë en navorsing waarop 'n uitkomsgebaseerde benadering tot die onderrig, leer en assessering van Geografie/ Omgewingsopvoeding in die Intermediêre, Senior en VOO skoolfasies gebaseer is, te kan implementeer. die vermoë om komplekse en swak gedefinieerde probleme in die onderrig, leer en assessering van Geografie/ Omgewingsonderrig met behulp van die mees toepaslike navorsingsmetodes, tegnieke en tegnologieë, beide individueel en in groepverband, te kan analiseer en evalueer, en oplossings gebaseer op teoriegedrewe bewyse en navorsingsbevindings te kan voorstel; die vermoë om inligting van 'n akademies-professionele aard sowel mondeling as skriftelik met behulp van tegnologieë toepaslik vir die konteks te kan kommunikeer; en die vermoë om onderrig, leer, assessering en navorsing eties en professioneel te kan benader en uit te voer. 			
Metode van aflewering: Voltyds/ Deeltyds			

Modulekode: GEOE 622	Semester 2	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Inligtings- & Kommunikasietegnologie (IKT) in Geografie-Onderwys.			
Module-uitkomste:			
<p>Studente demonstreer dat hulle die volgende bereik het:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige en uitgebreide kennis van IKT (die omvang van die IKT-onderrigsituasie en -beleide van eerste-wêreldlande) in praktykgerigte Geografie-Onderwys; • die vermoë om die verskillende hulpbronne wat vir IKT bestaan te kan ontgin, en hul toepaslikheid te evalueer vir die aflewering van Geografie-temas (uit die Nasionale Kurrikulumverklaring); • die vermoë om met die toepassing van spesifieke vaardighede, uitkomst op die mees effektiewe wyse te bereik, en tydens die beoogde geïntegreerde assessering bevoegdhede in die professionele hantering en aanwending van IKT in Geografie-Onderwys te kan demonstreer; • die vermoë om 'n analise van die Suider-Afrikaanse situasie, as derdewêreldland, te kan doen en dit te kan vergelyk met eerste-wêreldtoestande (soos die model van Groot-Brittanje) ten einde strategieë vir die uitbreiding in IKT in onderrig ter plaatse te kan beplan, ontwikkel en implementeer, dit krities te kan beoordeel en die profiel van die Geografie-onderwyser daarbinne te kan definieer en motiveer; • die vermoë om 'n sinvolle en effektiewe analise te kan maak van die landskap van Geo-ruimtelike tegnologieë in Geografie-Onderwys, die teorie en navorsing van Geo-ruimtelike tegnologieë te ondersoek, asook die effektiewe implementering van Geo-ruimtelike tegnologieë in praktyk kan evalueer; • die vermoë om die leerteorieë wat IKT-onderrig ondersteun te kan begrond, en met onderrig- en leerstrategieë van die TAF-model ("Tasks-Abilities-Features") in Geografie-Onderwys te kan belyn deur dit krities te analiseer binne die raamwerk van Geo-ruimtelike denke; • die vermoë om die bevoegdhede (kennis, waardes en vaardighede) in die effektiewe implementering van digitale geografie en geo-ruimtelike denke in Geografie-Onderwys geïntegreerd te kan illustreer in die toepassing daarvan in die ontwerp (en motivering) van lesse vir eerste-wêreld-klaskamers met alternatiewe vir derdewêreld-klaskamers. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: LIFE 621	Semester 2	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Omgewingsopvoeding vir Lewenswetenskappe-onderrig			
Module-uitkomste:			
<p>Aan die einde van die module behoort die studente:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die omgewing te kan definieer en die difinisie te kan verduidelik sowel as die benadering tot omgewingsopvoeding as opvoeding IN (kennis), OOR (vaardighede) en VIR (waardes) die omgewing te kan verduidelik, en die implikasies daarvan krities te evalueer in die onderrig daarvan as subdisipline van Lewenswetenskappe; • as bemaagtigde Lewenswetenskappe-onderwysers en kurrikulumdeskundiges te kan optree; • omgewingsopvoeding kan toepas deur leerders bewus te maak dat natuurlike hulpbronne op 'n volhoubare wyse benut moet word; • die waarde van 'n omgewingsbeleid vir 'n skool of klaskamer te evalueer en 'n omgewingsbeleid vir 'n skool te kan opstel; • 'n omvattende leerderaktiwiteit in omgewingstudies te kan ontwikkel waartydens leerders op 'n holistiese en praktiese wyse bewus sal word van die huidige debat oor die omgewing en omgewingsopvoeding; • die belangrikheid van 'n positiewe ingesteldheid en houding om as kurrikulumdeskundige te kan optree, te besef en waardeer. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 %- Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: LIFE 622	Semester 2	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Interdissiplinêre perspektiewe in kernaspekte in Bioëtik			
Module-uitkomst:			
Aan die einde van die module behoort die studente			
<ul style="list-style-type: none"> • 'n goed ontwikkelde, begronde en sistematiese kennis van bio-etiese kwessies, insluitende die evolusieteorie, soos wat hierdie kwessies in die Lewenswetenskappe-NKV manifesteer, te demonstreer deur gebruik te maak van gepaste navorsingsmetodes en filosofiese paradigmas, deur beskikbare inligting te vind en te organiseer en uit 'n interdissiplinêre perspektief te evalueer; • oor die vermoë te beskik om bio-etiese vrae en die evolusieteorie in praktyk (die Lewenswetenskappe-klaskamer), te identifiseer en probleme op te los asook om aktiwiteite te beplan wat die omvattende begrip van idees, teorieë, beginsels en wette ondersteun; • in staat te wees om probleemoplossingsvaardighede in die beplanning en aanbieding van lesse en praktiese sessies te gebruik binne die konteks van die teoretiese temas soos bo genoem; • uit 'n persoonlike waardesisteem (wat respek vir lewe en die skeppingsrealiteit openbaar) bio-etiese vrae en die evolusieteorie, soos dit in die Lewenswetenskappe-NKV manifesteer, krities en kreatief te ondersoek en om 'n waardering te toon vir die bydrae wat inheemse kennisstelsels tot hierdie temas gelewer het. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: LORE 671	Semester 1 & 2	32 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Lewensoriëntering			
Module-uitkomst:			
Na voltooiing van hierdie module behoort die student toegegerus te wees met:			
<ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende en sistematiese kennis oor die teorieë en beginsels onderliggend aan Lewensoriëntering en om hierdie kennis in die praktiese situasie te kan toepas; • in-diepte begrip van die Lewensoriëntering-kurrikulum, met verwysing na epistemologieë en onderrig-leer-ondersteuningsmateriaal; • vaardighede om 'n persoonsondersteuningsplan te ontwikkel as fasiliteerder en berader in Lewensoriëntering, en met fasiliteerings- en beradingsvaardighede om diverse leerders te ondersteun; • in diepte-kennis van beroepsontwikkelingsteorieë. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds / ODL			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: LTCA 671	Semester 1 & 2	24 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Developing and Implementing Curricula and Assessment in Language Teaching			
Module-uitkomste: On completion of this module, students demonstrate that they have acquired: <ul style="list-style-type: none"> • a broad understanding of the range of curriculum theories, levels, elements and frameworks within the context of applied linguistics and language teaching; • a broad understanding of theories and practices of assessment within the context of language teaching; • the ability to analyse and evaluate knowledge critically in a variety of educational contexts. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skryflike eksamen 50 %			

Modulekode: LTFR 621	Semester 2	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Foundations of Reading			
Module-uitkomste: On completion of this module, students demonstrate that they have acquired: <ul style="list-style-type: none"> • Specialised knowledge of and expertise in theories of reading, evidence-based research in the fundamental cognitive elements of reading and reading instructional practices, as well as of variables affecting reading achievement. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skryflike eksamen 50 %			

Modulekode: LTLL 611	Semester 1	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Language and Literature Studies			
Module-uitkomste: On completion of this module, students demonstrate that they have acquired: <ul style="list-style-type: none"> • an understanding that literature and literature teaching are integral to the teaching of language and to general human intellectual development; • an understanding of the thought-processes behind the development of the classroom teacher's philosophy for teaching literature and how this, in turn, affects the choices made in facilitating the learning process; • an understanding of strategies for encouraging and developing student reading and visual literacy through the selection of appropriate reading material. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skryflike eksamen 50 %			

Modulekode: MATD 621	Semester 2	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Wiskunde-Onderwys in Perspektief			
Module-uitkomst: Studente demonstreer omvattende kennis en begrip, hoëvlak vaardigheid en gepaste ingesteldhede en waardes met betrekking tot: <ul style="list-style-type: none"> • die oorsprong, ontwikkeling en kulturele bepaling van wiskunde en wiskunde-onderwys as menslike handelinge en velde van ondersoek; • eksemplare van fundamentele filosofiese, kulturele, teoretiese en praktiese perspektiewe op en in die velde van wiskunde en wiskunde-onderwys; • 'n eie begronde beskouing oor wiskunde en wiskunde-onderwys. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: MATD 622	Semester 2	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Wiskundeleer en -Onderrig			
Module-uitkomst: Studente demonstreer omvattende kennis en begrip, hoëvlak vaardigheid en gepaste ingesteldhede en waardes met betrekking tot: <ul style="list-style-type: none"> • 'n globale sowel as 'n Suid-Afrikaanse perspektief op verskillende benaderings tot skoolwiskunde-onderwys; • die identifisering, kritiese ontleding en evaluering van bestaande en nuwe onderrig-leerbenaderings met betrekking tot wiskunde-onderwys; • teoretiese en praktiese aspekte wat met die kenmerke van effektiewe wiskundeleer en -onderrig verband hou; • faktore wat die gehalte van wiskundeleer en -onderrig beïnvloed of bepaal. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: MATE 671	Semester 1 & 2	32 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Wiskundekennis vir Onderwys			
Module-uitkomst: Studente demonstreer omvattende kennis en begrip, hoëvlak vaardigheid en gepaste ingesteldhede en waardes met betrekking tot: <ul style="list-style-type: none"> • teoretiese en empiriese gronde van die konsepte Wiskundige Kennis vir Onderwys (WKO) en Wiskunde-inhoudskennis vir Onderwys (WIKO); • die onderlinge samehang van WKO en WIKO en ander vorme van kennis wat vir die onderrig van wiskunde noodsaaklik is; • konseptuele areas en kernkonsepte en -prosedures wat met die gekose vlak van wiskunde-onderwys verband hou; • die tegnologieë en gereedskap van die wiskunde- en wiskunde-onderwysvelde. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende Assessering 50 % Skriftelike Eksamen 50 %			

Modulekode: OMBO 613	Semester 1	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Inleiding tot GIS			
Module-uitkomst: Studente demonstreer dat hulle die volgende bereik het: <ul style="list-style-type: none"> • 'n uitgebreide, sistematiese kennis van wat GIS (Geografiese Inligtingstelsel) is en hoe dit in praktyk toegepas behoort te word; • basiese vaardighede aangaande dataverkryging, die effektiewe opstelling daarvan en die analise daarvan; • die vermoë om 'n analise van databasisstrukture binne die GIS-landskap te kan doen; • die vermoë om tematiese GIS-kaarte te genereer wat op algemene bestuursvlak sowel as in Geografie en Geografie-onderrigleer aangewend kan word. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: OMBE 621	Semester 2	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Hidro-Geografie		<i>Sien Omgewingswetenskappe Kalender</i>	
Module-uitkomst: Studente demonstreer dat hulle die volgende bereik het: <ul style="list-style-type: none"> • die vermoë om die watersituasie in Suid-Afrika m.b.t. beskikbare volume asook watergehaltevraagstukke in ag te neem by besluitneming oor omgewingsbestuursbenaderings; • die vermoë om die hidrologiese siklus en die waterbalans te verstaan en die beginsel van watersiklus-integriteit toe te pas in omgewingsbestuursituasies; • sistematiese kennis van die bestuursbeginsels soos vervat in die Waterwet en in omgewingsbestuur toe te pas; • die vermoë om die basiese beginsels van afvalwaterbehandeling te analiseer; • die vermoë om geïntegreerde opvanggebied-bestuur toe te pas; • die vermoë om stroomsnelhede te bereken met inagnam van stroomvloei-beginsels; • die vermoë om sub-kritiese kanale te ontwerp; • die vermoë om gemiddelde jaarlikse afloop te bereken; • die vermoë om vloedpieke van verskillende herhalingsintervalle te bereken m.b.v. die SCS-SA, Rationele en Op Ten Noort- metodes; • die vermoë om die beginsels van grondwatervloei toe te pas in die berekening van onttrekkingskeëls; • die vermoë om die basiese beginsels van afvalwaterbehandeling neer te skryf; • die vermoë om die prosedure van uitvloeisel-impakbepaling toe te pas in die praktyk. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: OMSB 611	Semester 1	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Bewaringsekologie			
Module-uitkomst: Kyk kalender van Skool vir Omgewingstudies.			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: ONWR 611	Semester 1	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Onderwysreg: Teorie en Praktyk			
Module-uitkomst: By die voltooiing van hierdie module moet die student kan aantoon dat hy/sy die volgende bemeester het: <ul style="list-style-type: none"> • die vermoë om teoreties te besin oor Onderwysreg en die sinkern daarvan te kan aantoon; • 'n teoretiese en konseptuele kennis van die terminologie in Onderwysreg; • die vermoë om die bronne van toepassing op Onderwysreg te omskryf en dit reg te kan toepas; • die vermoë om teoretiese en konseptuele kennis van, sowel as die vermoë om die gemeenregtelike beginsels, in die onderwyspraktik te kan toepas; • die vermoë om die kennis en insig oor Onderwysreg in onderwysgerigte scenario's te kan toepas; • die vermoë om teoretiese en konseptuele kennis van, sowel as die vermoë om onderwyswetgewing, in die onderwyspraktik te kan toepas; • die vermoë om die Grondwet te kan analiseer en toepas in die onderwyspraktik; • 'n teoretiese en konseptuele kennis van die toepaslike regspraak sowel as 'n vermoë om hofsake te bestudeer, analiseer en dit te kan toepas by die interpretasie van toepaslike wetgewing. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds / ODL			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: OPLN 612	Semester 1	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Research management in Education, Training and Development			
Module-uitkomst: After completing this module, students demonstrate that they have acquired: <ul style="list-style-type: none"> • the knowledge and skills to generate, explore and consider applicable research actions in ETD and HRD within the relevant contexts, themes, learner groups, levels of learning and availability of resources; • an understanding of how to integrate research results by means of ETD and HRD practices; • the skills to make assessments and evaluations w.r.t different approaches to research in ETD and HRD; • the skills to co-ordinate planning and selection of funding for research in ETD and HRD; • the skills to select and apply the applicable basis for occupational ETD and HRD directed research. 			
Metode van aflewering: Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: OPLN 613	Semester 1	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Adult Education in Education, Training and Development			
Module-uitkomste: After completing this module, students demonstrate that they have acquired: <ul style="list-style-type: none"> • a solid understanding of knowledge regarding the underpinning philosophies and theories of andragogy; • the skills and knowledge to identify, compare and contrast andragogy as a philosophy and adult education as a praxis; • a working knowledge of different teaching and learning methodologies in adult education; • the knowledge and understanding of the different theories that play a functional role in the different concepts in adult learning, e.g. memory, self directed learning, critical reflection, experiential learning, cross-culturalism etc; • specialised knowledge of and practical skills in the grounding, planning, motivation and implementation of teaching and learning opportunities within adult education; • an understanding of the different areas of and for research in adult education within the ambit of different occupations. • the skills to do research and the knowledge to explain the role and function of adult education within an OBE and skills development context. 			
Metode van aflewering: Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: OPLN 628	Semester 2	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Human Resource Development in a changing world			
Module-uitkomste: After completing this module, students demonstrate that they have acquired: <ul style="list-style-type: none"> • the knowledge to analyse the social and economic context of a First World vs the Third World in HRD; • an understanding of the different challenges facing HRD in relevant work place environments; • the ability to address the special needs of learners and marginalised communities in HRD critically. 			
Metode van aflewering: Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: OPLN 626	Semester 2	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Training and Development Perspectives			
Module-uitkomste: After completing this module, students demonstrate that they have acquired: <ul style="list-style-type: none"> • a broad understanding of the influences of education, training and development on the vocationally directed market and development sectors; • the ability to compare, evaluate and ascertain the value of the different bands and systems in education and training; • the ability to apply management principles conducive to learning e.g. conduct planning, organise, exercise leadership and control in a micro- or macro- adult education, training and/or development environment. 			
Metode van aflewering: Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: OPLN 627	Semester 2	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: The Learning Organisation			
Module-uitkomst:			
After completing this module, students demonstrate that they have acquired:			
<ul style="list-style-type: none"> • the knowledge and understanding of what the characteristics and criteria of and for a learning organisation are; • the knowledge and skills to evaluate and implement the different models of learning and analyse techniques constituting the fundamental principles of HRD; • the skills to design and develop active strategies that will ensure that the investment in training will return a good interest (ROI) 			
Metode van aflewering: Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: PHSE 611	Semester 1	8 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Gevorderde Fisika vir Onderwys I			
Module-uitkomst:			
Na voltooiing van hierdie module behoort studente die volgende te kan aantoon.			
<ul style="list-style-type: none"> • Omvattende kennis en insig oor 'n wye verskeidenheid nuwe asook bekende konsepte, beginsels, wette, teorieë en modelle wat deel uitmaak van elektromagnetisme en golwe in die skoolkurrikulum of wat die effektiewe ontwikkeling van hierdie onderwerpe ondersteun. • Die vermoë om probleme verwant aan elektromagnetisme en golwe op te los deur kennis van uiteenlopende temas binne fisika en ander vakgebiede te integreer. • Die vermoë om leerders se idees oor elektromagnetisme en golwe te analiseer en evalueer en hierdie idees te verfyn deur implementering van konstruktivistiese onderrig. • Kritiese en sistematiese denke oor die invloed van wetenskap en tegnologie op die samelewing en die omgewing. • Praktiese vaardighede in wetenskaplike prosesse en die ontwikkeling van leerders se praktiese vaardighede met elektromagnetisme en golwe as konteks 			
Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: PHSE 612	Semester 1	8 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Gevorderde Chemie vir Onderwys I			
Module-uitkomst:			
Na voltooiing van hierdie module behoort studente die volgende te kan aantoon.			
<ul style="list-style-type: none"> • Omvattende kennis en insig oor 'n wye verskeidenheid nuwe asook bekende konsepte, beginsels, wette, teorieë en modelle wat deel uitmaak van chemie in die skoolkurrikulum of wat die effektiewe ontwikkeling van hierdie vakgebied ondersteun. • Die vermoë om probleme binne die multidissiplinêre veld van industriële chemie op te los deur kennis van uiteenlopende temas binne chemie en ander vakgebiede te integreer. • Die vermoë om leerders se idees oor geselekteerde idees wat industriële chemie onderlê te analiseer en evalueer en hierdie idees te verfyn deur implementering van konstruktivistiese onderrig. • Die vermoë om by te dra tot kritiese en sistematiese denke oor die invloed van wetenskap en tegnologie op die samelewing en die omgewing. 			

Modulekode: PHSE 622	Semester 2	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Gevorderde Fisika vir Onderwys II			
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort studente die volgende te kan aantoon.			
<ul style="list-style-type: none"> • Omvattende kennis en insig oor 'n wye verskeidenheid nuwe asook bekende konsepte, beginsels, wette, teorieë en modelle wat deel uitmaak van meganika, astronomie en kernfisika in die skoolkurrikulum of wat die effektiewe ontwikkeling van hierdie onderwerpe ondersteun. • Die vermoë om probleme verwant aan meganika, astronomie en kernfisika op te los deur kennis van uiteenlopende temas binne fisika en ander vakgebiede te integreer • Die vermoë om leerders se idees oor meganika te analiseer en evalueer en hierdie idees te verfyn deur implementering van konstruktivistiese onderrig. • 'n Begrip van die aard van fisika soos dit gemanifesteer word in die historiese ontwikkeling van astronomie en die paradigmas van klassieke en moderne fisika. • Praktiese vaardighede in wetenskaplike prosesse en die ontwikkeling van leerders se praktiese vaardighede met meganika as konteks. 			
Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			
<ul style="list-style-type: none"> • Basiese laboratoriumvaardigheid en die vermoë om effektiewe praktiese aktiwiteite op skoolvlak te beplan en aan te bied. 			
Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: PHSE 621	Semester 2	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Gevorderde Chemie vir Onderwys II			
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort studente die volgende te kan aantoon.			
<ul style="list-style-type: none"> • Omvattende kennis en insig oor 'n wye verskeidenheid nuwe asook bekende konsepte, beginsels, wette, teorieë en modelle wat deel uitmaak van chemie in die skoolkurrikulum of wat die effektiewe ontwikkeling van hierdie vakgebied ondersteun. • Die vermoë om probleme binne die multidissiplinêre veld van omgewingschemie op te los deur kennis van uiteenlopende temas binne chemie en ander vakgebiede te integreer. • Die vermoë om leerders se idees oor geselekteerde idees wat omgewingschemie onderlê te analiseer en evalueer en hierdie idees te verfyn deur implementering van konstruktivistiese onderrig. • Die vermoë om by te dra tot kritiese en sistematiese denke oor die invloed van wetenskap en tegnologie op die samelewing en die omgewing. • Basiese laboratoriumvaardigheid en die vermoë om effektiewe praktiese aktiwiteite op skoolvlak te beplan en aan te bied. 			
Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: TOAF 612	Semester 1	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Kurrikulumontwikkeling en assessering in Taalonderwys			
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module behoort die student <ul style="list-style-type: none"> • bewys te kan lewer van diepgaande kennis en insig in die teoretiese fundering van taalkreatiwiteit en in staat te wees om praktiese vaardigheid ten opsigte van die toepassing daarvan in die onderrig van Afrikaans te demonstreer; • die konstruktivistiese fundering van die UGO-onderrigbenadering aan die hand van 'n oorsigtelike literatuurstudie te kan beoordeel en die implikasies daarvan vir die onderrig van verskillende fasette van Afrikaans te kan identifiseer en te kan implementeer; • die NKV met 'n gevorderde vlak van vaardigheid en selfstandigheid te kan ontsluit en implementeer vir die ontwikkeling van 'n tematies georganiseerde en geïntegreerde lesreeks waarin daar van 'n verskeidenheid gepaste onderrig- en assesseringsmetodes gebruik gemaak word; • die beginsel vir effektiewe gebruik van tegnologie en multimedia (veral die ten opsigte van MS Word-pakkette) te kan implementeer vir die ondersteuning van leer en onderrig; • bewys te kan lewer van diepgaande kennis en gevorderde vaardigheid ten opsigte van assesseringspraktyke in skole, teorieë oor assessering, departementale dokumente oor assessering en die samestelling van assesseringsplanne vir bepaalde grade en fases. 			
Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: TOAF 671	Semester 1	24 Krediete	NKR-Vlak: 7
Titel: Fundamentele boustene van lees, letterkunde onderrig en lees vir taalverwerwing.			
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module behoort die student <ul style="list-style-type: none"> • bewys te kan lewer van gespesialiseerde kennis van en ekspertise ten opsigte van teorieë oor en beginsels van lees en ten opsigte van bewysgebaseerde navorsing oor die fundamentele kognitiewe elemente van lees en van leesonderrigpraktyke, sowel as van veranderlikes wat leesprestasie affekteer; in staat te wees om die analise, interpretasie en evaluering van films op so 'n wyse in die skoolsituasie te kan fasiliteer dat dit tot verruiming van die visuele ervaringswêreld van leerders lei; • 'n analise van die kreatiewe onderrigmoontlikhede van interaktiewe, lesergerigte teksbenaderings te kan doen om die waarde daarvan in terme van die ontwikkeling van hoërde kognitiewe en emosionele vaardighede by leerders te benut • bewys te kan lewer van diepgaande kennis omtrent die teoretiese onderbou van lesergerigte teksbenaderings ten einde onderrigstrategieë te kan ontwerp met behulp waarvan die kwynende leesbelangstelling onder leerders teengewerk kan word en 'n liefde vir Afrikaanse literêre tekste gekweek kan word. • bewys te kan lewer van 'n sensitiewe instelling teenoor die diverse gemeenskappe in Suid-Afrika en vir die belangrikheid daarvan vir effektiewe kommunikasie binne die leerarea Taal, • relevante teorieë oor die aanleer van 'n vreemde taal te kan analiseer en te vergelyk met moedertaalteorieë, • literêre tekste te kan gebruik om onderrigmateriaal te ontwerp word en dit aan leerders te kan ontsluit deur gebruikmaking van verskillende gepaste metodes en strategieë vir die onderrig van 'n addisionele taal. 			
Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			55

Modulekode: TECE 611	Semester 1	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Perspektiewe in Tegnologie-Onderwys			
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort die studente oor 'n kritiese begrip en werkbare kennis te beskik van:			
<ul style="list-style-type: none"> internasionale (globale) en nasionale neigings in Tegnologie-Onderwys internasionaal en nasionaal aanvaarde pedagogiese benaderings in Tegnologie-Onderwys Internasionale en nasionale neigings wat betref die ontwerpproses, insluitend die rol van kreatiwiteit, innovasie en die verskillende perspektiewe van inheemse tegnologie (met inagneming van inheemse kennisstelsels). 			
Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: TECE 621	Semester 2	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Grondslag van Tegnologie-Onderwys			
Module-uitkomste: Studente moet kan demonstreer dat hulle 'n kritiese begrip en werkskennis verkry het oor:			
<ul style="list-style-type: none"> die filosofie van Tegnologie-Onderwys die historiese ontwikkeling van Tegnologie-Onderwys die verband tussen tegnologie en wetenskap, en die epistemologiese en metodologiese benadering tot tegnologie beide as 'n proses en 'n artefak 			
Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: TECE 622	Semester 2	16 Credits	NKR-vlak: 7
Titel: Onderrig en Leer in Tegnologie-Onderwys			
Module-uitkomste: Studente demonstreer dat hulle 'n kritiese begrip en omvattende werkskennis verkry het van			
<ul style="list-style-type: none"> die onderrig en leer van tegnologie as 'n probleemgebaseerde akademiese vak met 'n praktiese benadering (insluitend meegaande vaardighede). probleemgebaseerde onderrig en leer deur dit te kan analiseer, evalueer en toepas die ontwikkeling van pedagogiese inhoudkennis deur dit te kan analiseer, evalueer en toepas die assesseringsbenaderings in Tegnologie-Onderwys, deur assessering te kan analiseer, evalueer en toepas, asook deur die kreatiewe en effektiewe integrasie van media in die klaskamer. 			
Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: TLAS 612	Semester 1	16 Krediete	NKF-Vlak: 7
Titel: Onderrig, Leer en Assessering			
Module-uitkomste:			
Na voltooiing van die module behoort studente te beskik oor:			
<ul style="list-style-type: none"> • gespesialiseerde kennis van en uitnemendheid in onderrig- en leerteorie tersake by die Suid-Afrikaanse en Internasionale onderrig- en leerkonteks; • 'n fundamentele begrip van die teoretiese grondslae van assessering en hoe dit verand hou met en impakteer op gesonde aseseringspraktyke; • die kennis en vaardighede om suksesvolle klaskamerassessering te beplan en te implementeer. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds / ODL			
Asseseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			
Modulekode: TSCU 621	Semester 2	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Die skoolkurrikulum			
Module-uitkomste:			
Na volooing van hierdie module, behoort die student toegerus te wees :			
<ul style="list-style-type: none"> • Met 'n sistematiese en in-diepte kennis van die skoolkurrikulum; • Om die Suid-Afrikaanse onderwystelsel in die algemeen en die skoolkurrikulum in die besonder krities te ontleed; • met die vaardighede om teorie en praktyk in die klaskamersituasie te kan verbind; • om 'n begrip van UGO en die relevansie daarvan in die skoolkurrikulum te kan demonstreer 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds / ODL			
Asseseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			
Modulekode:VGLO 624	Semester 2	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Onderwysstelsels: Struktuur en Funksies			
Module-uitkomste:			
Na voltooiing van hierdie module, behoort studente te kan demonstreer dat hulle die volgende verwerf het:			
<ul style="list-style-type: none"> • 'n begrip van die oorsprong, ontwikkeling, aard en doelstellings van Vergelykende Opvoedkunde • die vermoë om verskillende onderwysstelsels met mekaar te kan vergelyk • die vermoë om 'n ondrwyskwessie vanuit 'n vergelykende perspektief te belig. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds / ODL			
Asseseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

KEUSEMODULES

Modulekode:CSIE 611	Semester 1	16 Krediete	NKR-Vlak: 7
Titel: Grondslae van Inligtingstechnologie-Onderwys			
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort die studente toegerus te wees met: <ul style="list-style-type: none">• kennis en vaardigheid, wat hulle in staat sal stel om te demonstreeer dat hulle oor grondige kennis van die huidige navorsing in die veld van IT-onderwys, plaaslik en internasionaal, beskik;• die vermoë om toepaslike navorsingsmetodes in hierdie studieveld toe te pas;• omvattende kennis van die huidige stand van IT-onderwys op sekondêre vlak wêreldwyd;• kennis en vaardighede wat hulle in staat sal stel om die determinante wat nodig is vir onderrig en ontwikkeling van die vak krities te evalueer;• 'n grondige begrip van die ontwikkeling van kooperatiewe en meewerkende leeromgewings as basis vir die bevordering van kenniskonstruksie in die IT-klas;• grondige kennis en vaardighede in die bemagtiging en ondersteuning van IT-leerders in terme van die basiese beginsels van IT as kennisveld.			
Metode van aflewering: Votlyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			
Modulekode:CSIE 612	Semester 1	16 Krediete	NKR-Vlak: 7
Titel: Grondslae van Rekenaartoeëpassingstechnologie-Onderwys			
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort die studente toegerus te wees met: <ul style="list-style-type: none">• diepgaande kennis van huidige navorsing in RTT, plaaslik en internasionaal;• kennis en vaardighede om toepaslike navorsingsmetodes in hierdie studieveld toe te pas;• grondige kennis van die huidige stand van RTT op sekondêre onderwysvlak en wêreldwyd;• kennis en vaardighede wat hulle in staat sal stel om die determinante wat noodsaaklik is vir die onderrig van en die ontwikkeling van die vak krities te evalueer;• grondige kennis en vaardighede in die bemagtiging en ondersteuning van RTT-leerders in terme van die basiese beginsels van RTT as vakdissipline.			
Metode van aflewering: Votlyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: CSIE 625	Semester 2	16 Krediete	NKR-Vlak: 7
Titel: Inligtingstegnologie: kennis vir die onderwys			
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module behoort die studente toegerus te wees: <ul style="list-style-type: none"> • met omvattende kennis en praktiese vaardighede in die ontwerp en implementering van gevorderde objekgeoriënteerde programmeerbeginsels; • met grondige kennis en vaardighede om die kompileringsproses van programme te demonstreer, met verwysing na geheue-allokering en fouthantering; • om grondige kennis en vaardighede met betrekking tot netwerktegnologieë en –sekuriteit, bedryfstelsels en projekbestuur te demonstreer. 			
Metode van aflewering: Votlyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: CSIE 626	Semester 2	16 Krediete	NKR-Vlak: 7
Titel: Rekenaartoepassingstegnologie: kennis vir die onderwys			
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module behoort die studente toegerus te wees: <ul style="list-style-type: none"> • met grondige kennis van die praktiese inhoud van RTT op sekondêre vlak; • met praktiese vaardighede in die ontwerp en gevorderde integrering van verskillende toepassingspakette; • om grondige kennis en vaardighede in projek- en inligtingsbestuur te demonstreer. 			
Metode van aflewering: Votlyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: ELEA 611	Semester 1	8 Krediete	NKR-Vlak: 7
Titel: E-leer			
Module-uitkomste: Na voltooiing van die module behoort studente toegerus te wees met: <ul style="list-style-type: none"> • 'n breë begrip van opvoedkundige leerteorieë wat e-leer onderlê • 'n breë begrip van e-leerkonsepte, -beginsels en -tipes wat in onderwys gebruik word • die vermoë om e-leer tegnologieë te onderskei volgens hul kontekste vir besluitneming in onderwys • die vermoë om aanlyn-kursusse te ontwikkel en te bestuur • die vermoë om e-leerstrategieë in samehang met hul onderwyssituasies te ontwikkel • die vermoë om e-aktiwiteite te ontwikkel en in stand te hou • die vermoë om aanlyn-assessering en -moderering uit te voer • die vermoë om 'n virtuele aanlyn-leergroep te ontwerp, in stand te hou en fasiliteer. 			
Metode van aflewering: Votlyds / Deeltyds / ODL			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: ONWB 624	Semester 2	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Menslike Hulpbronbestuur en Ontwikkeling in Opvoedkunde			
Module-uitkomste:			
Na voltooiing van hierdie module, behoort studente te kan demonstreeer dat hulle die volgende verwerf het:			
<ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende en sistematiese kennis van die hoofteorië, benaderings, konsepte, kontemporêre kwessies, doelstellings, geskiedenis en uitdagings ten opsigte van menslike hulpbronontwikkeling in die werkplek • die vermoë om geselekteerde beleide, wette en beginsels ten opsigte van menslike hulpbronbestuur te kan interpreteer en te kan bestuur • die vermoë om prosesse van hulpbronwerwing, evaluering en toewysing in die werkplek te verstaan • kennis van volgehoue professionele ontwikkeling ten einde programme, gemik op die ontwikkeling van talent onder werkers te ontwerp, analiseer en toe te pas • die vermoë om loopbaanbestuursbeginsels en -modelle te kan interpreteer en toe te pas • die vermoë om kennis van menslike hulpbronontwikkeling toe te pas ten einde prestasie in die werkplek te verhoog en ten einde werknemers die geleentheid te bied om hulleself te ontwikkel 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds / ODL			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			
Modulekode: ONWB 625	Semester 2	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Finansiële Skoolbestuur			
Module-uitkomste:			
Na voltooiing van hierdie module, behoort studente te kan demonstreeer dat hulle die volgende verwerf het:			
<ul style="list-style-type: none"> • 'n begrip van die aard en die kompleksiteit van die samehang tussen die ekonomiese en politieke aspekte en die finansiering van skole • die vermoë om onderwysbestuursareas toe te pas met betrekking tot finansiering ten einde die praktykimplikasies daarvan te analiseer • die vermoë om die teorie van begroting en finansiering op 'n praktiese wyse toe te pas • 'n diepere begrip van die implikasies van geselekteerde beleidsdokumente en wette vir die finansiering van skole. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds / ODL			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: ONWR 624	Semester 2	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Arbeidsreg en Skoolbeheer			
Module-uitkomste:			
Na voltooiing van hierdie module, moet studente kan aantoon dat hulle die volgende bemeester het:			
<ul style="list-style-type: none"> • voldoende praktiese aanwendbare kennis van die toepaslike arbeidswetgewing vir onderwys; • teoretiese en konseptuele kennis van grondwetlike en ander wetlike bepalings wat die regte en verpligtinge van opvoeders as werknemers reguleer; • die vermoë om regsbeginsels met betrekking tot die regte en verpligtinge van werknemers en werkgewers in die onderwyspraktik te beskryf, analiseer en toe te pas; • teoretiese en konseptuele kennis van die onderliggende beginsels van die gemene reg en regspraak wat verband hou met die substantiewe kwessies van arbeidsreg in die onderwys; • die vermoë om te onderskei tussen arbeidswetgewing wat betrekking het op opvoeders by onderskeidelik openbare skole en onafhanklike skole; • teoretiese en konseptuele kennis van konsepte soos onbillike arbeidspraktik, substantiewe en prosedurele billikheid, asook die neem van korrekte, ingeligte en billike besluite in situasies wat met arbeidsverhoudinge verband hou; • teoretiese en konseptuele kennis met betrekking tot kollektiewe arbeidsverhoudinge in die onderwys; • teoretiese en konseptuele kennis met betrekking tot die regte en verpligtinge van lede van die beheerliggame van openbare skole; • 'n indringende begrip van die rolle en funksies van skoolbeheerliggame; • teoretiese en konseptuele kennis van die kenmerke van korrekte dissiplinêre prosedures, asook die vermoë om die prosedures toe te pas in gevalle van leerders wat hulleself skuldig maak aan ernstige wangedrag. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds / ODL			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			
Modulekode: ONWR 625	Semester 2	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Menseregte en Demokrasie in die Onderwys			
Module-uitkomste:			
Na afhandeling van die module behoort die student die volgende te demonstreer:			
<ul style="list-style-type: none"> • 'n teoretiese en konseptuele kennis van onderwysregtelike determinante in die Grondwet van Suid-Afrika; • 'n teoretiese- en konseptuele kennis van die grondwetlike en statutêre bepalings van demokrasie in die Onderwys toon; • die vermoë om te onderskei tussen en die beduidenis te evalueer van onderskeie modelle van demokrasie ten opsigte van die onderwys; • die vermoë om grondwetlike regte ten opsigte van onderwyspraktik te ontleed, te interpreteer en toe te pas; • die vermoë om te onderskei tussen die wyses waarop fundamentele regte beperk mag word; • 'n diepgaande begrip van demokratiese skoolbeheer, desentralisasie, devolusie en delegasie van gesag toon; • die vermoë om kennis met betrekking tot verskillende grondwetlike regte in gevallestudies toe te pas; • die vermoë om op 'n grondwetlik gefundeerde wyse as onderwyser of onderwysbestuurder op te tree; • 'n diepgaande begrip van regspraak toon en die vermoë toon om regspraak oor die Grondwet en onderwyspraktik te ontleed en toe te pas; • die vermoë toon om ongrondwetlike- en ondemokratiese verskynsels en praktike in verskeie onderwysituasies te ontleed en te kritiseer 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds / ODL			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode: SLAD 621	Semester 2	8 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Strategiese leer en ontwikkeling			
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module behoort studente te demonstreer dat hulle die volgende bemeester het:			
<ul style="list-style-type: none"> • Gespesialiseerde kennis van en vaardigheid in resultaatgebaseerde navorsing oor die basiese kognitiewe en affektiewe komponente van akademiese lees, skryf en kritiese denke relevant tot die vakinhoude op alle vlakke van opvoeding, en tot huidige navorsingsdokumentasie, -onderrigpraktjke, -raamwerke en –modelle; • gespesialiseerde kennis van die veranderlikes wat effektiewe strategiese leer en die ontwikkeling van effektiewe akademiese ondersteuning beïnvloed. 			
Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds / ODL			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode:VGLO 622	Semester 2	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Moderne Opvoedkundesisteme			
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module, behoort studente te demonstreer dat hulle die volgende verwerf het:			
<ul style="list-style-type: none"> • Die vermoë om spesifieke kenmerke en sosiale strukture met betrekking tot onderwys in die konteks van interne en eksterne determinante te beskryf, vergelyk en verklaar, met die doelstelling om die struktuur van nasionale en internasionale onderwysstelsels te begryp • Die vermoë om die individualiteit en universaliteit van onderwysstelsels te kan analiseer, ten einde in die behoeftes van teikenbevolkings te voorsien, en om die noodsaak van die skep van `n harmonieuse skoolomgewing te begryp • Die vermoë om kennis, vaardighede en houdings toe te pas ten opsigte van die struktuur en organisasie van nasionale en internasionale onderwysstelsels, ten einde die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te kan evalueer 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds / ODL			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

Modulekode:VGLO 623	Semester 2	16 Krediete	NKR-vlak: 7
Titel: Hedendaagse Onderrigkwaliteits: Vergelykende Perspektiewe			
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module behoort studente te demonstreer dat hulle die volgende verwerf het:			
<ul style="list-style-type: none"> • Die vermoë om beleidsontwikkeling in ontwikkelende lande te begryp • Die vermoë om om oordele te vorm oor onderwysbeleidskwessies, en om die impak van onderwysbeleid op onderwysbeplanning te kan evalueer • Die vermoë om verskillende teorieë oor onderwysbeplanning te begryp, sowel as die vermoë om die teorieë toe te pas as onderwysbeplanners • Die vermoë om onderwysprobleme in ontwikkelende lande te kan identifiseer en te analiseer • Die vermoë om onderwyskwessies vanuit `n vergelykende perspektief te kan analiseer 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds / ODL			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skriftelike eksamen 50 %			

OP.3 REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER EDUCATIONIS (MED)

Metodes van aflewering: Voltyds
Deeltyds

Alle MEd-programme val binne die Navorsingsfokusarea

Onderrigleerorganisasies en moet 'n bydrae maak tot die ontwikkeling van die projekte van die navorsingsfokusarea.

Die bepalinge vir die MEd-graad moet saamgelees word met die algemene akademiese reëls van die Universiteit wat beskikbaar is op die Internet by: http://www.nwu.ac.za/gov_man/policy/7P-Academic_Rules_a.pdf.

OP.3.1 DIE NAVORSING MED-GRAAD

OP.3.1.1 AARD EN DOEL VAN DIE KWALIFIKASIE

OP.3.1.1.1 Algemene doel

Die doel met die MEd-graad is om toegewyde onderwysspesialiste akademies toe te rus en te vorm tot akademiese deskundigheid en uitmuntendheid om hulle roeping te vervul en in Suid-Afrika se behoefte aan hoëvlak opvoedkundige navorsers en besluitnemers te voorsien.

OP.3.1.1.2 Spesifieke doel

Die spesifieke doel van die kwalifikasie is:

- (i) die bevordering van opvoedkundige deskundigheid en ontwikkeling van studente met 'n gevorderde en in diepte kennis en ontwikkeling van 'n kritiese navorsingsbenadering in een van die rigtings of programme in OP.3.1.7 om hulle daardeur in staat te stel om op 'n verantwoordelike en sinvolle wyse by te dra tot die verbetering van die onderwys op plaaslike en nasionale vlak deur leidende dienslewering (op middel- en hoëvlak); en
- (ii) studente se navorsingsvermoë en vaardighede so te ontwikkel dat hulle navorsing kan doen wat uitloop in die skryf van 'n verhandeling of navorsingsartikel(s).

OP.3.1.2 TOELATINGSVEREISTES EN REGISTRASIE

OP.3.1.2.1 Algemene toelatingsvereistes

- (i) 'n Student wat beoog om vir die M.Ed.-graad in te skryf moet toestemming van die navorsingsdirekteur/skooldirekteur verkry om die studie te onderneem.
- (ii) 'n Student wat vir die eerste keer vir die M.Ed-graad registreer moet dit op 'n datum soos deur die universiteit bepaal word, doen. (A.7.4.1).
- (iii) 'n Student kan slegs registreer indien 'n skriftelike toestemmingsbrief, onderteken deur die studieleier, aan die registrasie kantoor voorgelê word.
- (iv) Herregistrasie vir die daaropvolgende studiejare moet op die datum geskied soos deur die universiteit bepaal word. 'n Student wat nie herregistreer op die datum soos deur die universiteit bepaal is nie, moet opnuut by die universiteit aansoek doen om toelating (A.7.4.1)

OP.3.1.2.2 Spesifieke toelatingsvereistes

- (i) 'n BEdHons graad in die rigting waarvoor die student wil registreer
- (ii) 'n Minimum gemiddelde slaagsyfer van 65% in die BEdHons-graad, soos 'n minimum slaagsyfer van 65% vir die navorsingsmodules van die BEdHons-graad.

- (iii) Indien 'n student nie in besit van 'n BEdHons-graad in die toepaslike veld van opvoedkunde is nie, maar in besit van 'n ander Hons.-graad is, kan verdere voorwaardes vir toelating deur die fakulteit gestel word.
- (iv) Studente moet 'n aanvaarbare vlak van vaardigheid ten opsigte van rekenaar - en akademiese geletterdheid demonstreer. Alle voornemende M.Ed.-studente moet verpligte rekenaar- en akademiese geletterdheidstoetse ondergaan en hul toelating sal van hulle prestasie in hierdie toetse afhang.
- (v) Sels al voldoen die voornemende student aan al die bostaande toelatingsvereistes, kan die aansoek steeds afgewys word op grond van (1) 'n tekort aan kapasiteit in die fakulteit om toereikende studiebegeleiding te verleen en (2) waar die voorgestelde navorsingsonderwerp/tema nie binne die fokus van die bestaande navorsingsprogramme/projekte in die fakulteit geakkomodeer kan word nie.

OP.3.1.3 ERKENNING VAN VORIGE LEER

Vorige leer soos erken deur die fakulteitsraad.

OP.3.1.4 STUDIEPROGRAM

- (i) 'n Student vir die M.Ed.-graad moet, tensy die navorsingsdirekteur anders besluit, 'n goedgekeurde program binne die Navorsingsfokusarea, in oorlegpleging met die navorsingsdirekteur, volg (A.7.2.2). Bywoning van die goedgekeurde program is verpligtend en as die student dit nie sou doen nie, kan sy/haar studies getermineer word.
- (ii) 'n Student wat tot die M.Ed.-program toegelaat is, moet binne ses (6) maande na registrasie, 'n navorsingsvoorstel vir goedkeuring aan die M.Ed.- & Ph.D.- programkomitee voorlê. Die goedgekeurde akademiese prosesse en administratiewe sperdatums vir voorlegging, moet gevolg word (A.7.4.8).
- (iii) Indien 'n student in gebreke sou bly om die navorsingsvoorstel binne ses (6) maande na registrasie voor te lê, kan sy/haar studies getermineer word (A.7.4.8).

OP.3.1.5 DUUR VAN DIE STUDIE

Die minimum duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is een (1) jaar of die verwerwing van 240 krediete en die maksimumtydsduur vir die voltooiing van die graad is drie (3) jaar.

OP.3.1.6 VERLENGING VAN STUDIETYDPERK

- (i) 'n Student wat nie sy/haar studies binne die maksimum studietyd voltooi nie, moet aan die einde van die derde jaar van studie by die navorsingsdirekteur aansoek doen om 'n verlenging van die studietyd met een akademiese jaar, (A.7.6).
- (ii) Die studieleier moet 'n motivering vir die verlenging van die studietyd aan die navorsingsdirekteur van die Navorsingsfokusarea verskaf.
- (iii) 'n Aansoek om die verlenging van die studietyd moet verskaf word in die vorm van 'n voorlegging wat die volgende aangedui:
 - a. dat die navorsingsonderwerp steeds relevant is;
 - b. watter vordering reeds gemaak is;
 - c. wat nog gedoen moet word om die studie te voltooi; en
 - d. of die studieleier steeds beskikbaar is (A.7.6.5).
- (iv) Indien die studietyd verleng word, sal dit toegestaan word teen 'n heffing wat van tyd tot tyd deur die Raad vasgestel word (A.7.6.6).

OP.3.1.7 LYS VAN PROGRAMME

PROGRAM-KODE	KURRIKULUM KODE	BESKRYWENDE NAAM	MODULE KODE	KREDIETE
403 116	O815P	Kurrikulum Ontwikkeling	EDTM 871	240
403 121	O802P	Natuurwetenskaponderwys	NWOW 871	240
403 122	O803P	Onderwysbestuur	ONWB 871	240
403 123	O804P	Onderwysreg	ONWR 871	240
403 124	O805P	Opvoedkundige Sielkunde	OPSK 871	240
403 125	O806P	Vergelykende Opvoedkunde	VGLO 871	240
403 126	O807P	Wiskunde-onderwys	WISO 871	240
403 127	O808P	Leerderondersteuning	OPSL 871	240
403 129	O810P	Filosofie van die opvoeding	FOPV 871	240
403 130	O811P	Bewegingsonderwys	BWOS 871	240
403 131	O812P	Rekenaarwetenskaponderwys	RWON 871	240
403 132	O813P	Opleiding en Ontwikkeling	OPLN 871	240

OP.3.1.8 EKSAMINERING

Die eksamen vir die MEd-graad bestaan uit 'n verhandeling of ('n) gepubliseerde navorsingartikel(s).

OP.3.1.8.1 Benoeming van eksaminatore

- (i) Die Fakulteit se MEd & PhD Eksamenkomitee benoem die eksaminatore.
- (ii) Die benoeming van eksaminatore geskied ooreenkomstig algemene reël A.7.5.3.
- (iii) Studente en studieleiers moet ten minste drie maande voor indiening van die verhandeling die administratiewe beampte van die MEd. en PhD Eksamenkomitee skriftelik in kennis stel van die plan om die verhandeling in te dien.
- (iv) Geen eksaminator van 'n verhandeling mag op enige wyse by die studieleiding van die student betrokke gewees het nie, of as 'n kritiese leser van die verhandeling opgetree het nie.

OP.3.1.8.2 Vereistes waaraan die verhandeling moet voldoen

- (i) 'n Verhandeling moet bewys lewer dat die student die navorsingsparadigma en metodologieë bemeester het. (A.7.5.7).
- (ii) 'n Verhandeling moet ten opsigte van die tegniese vereistes voldoen aan die vereistes wat die Fakulteitsraad en die nuutste Handleiding vir Nagraadse Studie daarvoor stel (A.7.5.7)..
- (iii) Indien 'n verhandeling in die vorm van ('n) gepubliseerde navorsings-artikel(s) of ('n) ongepubliseerde manuskrip(te) in artikelformaat aangebied word, en meer as een sodanige artikel of manuskrip(te) gebruik word, moet die verhandeling steeds in 'n eenheidsvorm, aangevul met 'n oorkoepelende probleemstelling, 'n toegespitste literatuurontleding en –integrasië en met 'n samevattende slotbespreking aangebied word (A.7.5.7).

OP.3.1.8.3 Indiening van die verhandeling vir eksaminering

- (i) 'n Verhandeling mag alleen vir eksaminering ingedien word met toestemming van die studieleier(s) (A.7.5.4.4).
- (ii) 'n Verhandeling wat vir eksaminering ingedien is, kan nie deur die student of studieleier(s) aan eksaminering onttrek word nie.

OP.3.1.8.4 Slaagvereistes

- (i) 'n Verhandeling word geslaag as die student 'n punt van ten minste 50% behaal het.
- (ii) 'n Verhandeling word met onderskeiding geslaag indien die student 'n punt van ten minste 75% behaal het.
- (iii) 'n Student wat 'n verhandeling sak, mag slegs een keer aansoek doen om weer tot dieselfde MEd-graadstudie aan die universiteit toegelaat te word, waarna 'n nuwe studie geregistreer moet word. (A.7.5.2.2). Die Navorsingsdirekteur van die Fokusarea moet eers in kennis gestel word voordat sodanige registrasie goedgekeur kan word.

OP.3.1.9 TERMINERING VAN STUDIE

Die studies van 'n student mag opgeskort word indien hy/sy die maksimum duur van die studietyd oorskry of ingeval van onbevredigende prestasie (A7.7.1). Vanaf registrasie sal die student se akademiese vordering voortdurend deur middel van halfjaarlikse verslae gemonitor word.

OP.3.1.10 Artikulasie

Hierdie kwalifikasie gee toelating tot die PhD graad

OP.4 REÛLS VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR (PHD)

Metodes van aflewering: Voltyds Deeltyds

Die doktorsgraad kan verwerf word in een van die programme in reël OP.4.7 en kan voltyds of deelyds geneem word.

Alle doktorsgraadprogramme val binne die Navorsingsfokusarea

Onderrigleerorganisasies en moet 'n bydrae maak tot die ontwikkeling van die navorsingsfokusarea.

Die bepalings vir die doktorsgraad moet saamgelees word met die algemene akademiese reëls vir die Universiteit wat beskikbaar is op die Internet by:

http://www.nwu.ac.za/gov_man/policy/7P-Academic_Rules_a.pdf.

OP.4.1 DIE DOEL VAN DIE DOKTORSGRAADPROGRAM

Die doel van die doktorsgraadprogram is om te voorsien in Suid-Afrika se behoeftes aan toegewyde en hoogsgespesialiseerde onderwysnavorsers wat bemaatig is om oorspronklike onderwysnavorsing te doen, deur ôf die ontsluiting van nuwe kennis, ôf die beoefening van kritiese navorsingsparadigmas en 'n wetenskaplike bydrae te maak tot die kennis en verstaan van een van die ondergenoemde spesialiseringsterreine; en om op 'n verantwoordelike en sinvolle wyse by te dra tot die verbetering van onderwys op plaaslike, nasionale en internasionale vlak .

OP.4.2 TOELATINGSVEREISTES

OP.4.2.1 Algemene toelatingsvereistes

- (i) Toelating sal, onderworpe aan die goedkeuring van die fakulteit en op aanbeveling van die navorsingsdirekteur, in konsultasie met die skooldirekteur waar van toepassing, geskied. Studente word aanbeveel om hulle beoogde navorsing en studiebegeleiding betyds voor toelating tot die doktorsale program, te bespreek (A.8.1.1).
- (ii) 'n Student kan slegs registreer indien 'n skriftelike toestemmingsbrief, onderteken deur die promotor, aan die registrasie kantoor voorgeleë word.
- (iii) 'n Student wat vir die eerste keer vir 'n doktorsale graad registreer, moet dit doen op die datum soos deur die universiteit bepaal is.. Herregistrasie vir die verdere studiejare moet op die datum soos deur die universiteit bepaal is, plaasvind (A.8.4.1.1).
- (iv) Indien 'n student sou nalaat om vir enige van die verdere studiejare op die datum soos deur die universiteit bepaal is, te registreer, kan die fakulteit die gekose onderwerp van die studie, indien dit reeds geregistreer is, aan 'n ander student toeken (A.8.4.1.3).
- (v) 'n Student wat nalaat om op die datum soos deur die universiteit bepaal is, te registreer, moet by die registrateur om hertoelating aansoek doen (A.8.4.1.4).

OP.4.2.2 Spesifieke toelatingsvereistes

- (i) 'n Meestersgraad (M.Ed.) in die spesialiseringsterrein waarvoor die student vir die Ph.D. wil registreer
- (ii) 'n Slaagsyfer van 65% vir die M.Ed.- graad
- (iii) Indien 'n student nie oor 'n Meestersgraad in 'n toepaslike studieveld in die opvoedkunde beskik nie, maar 'n ander Meestersgraad het, kan verdere voorwaardes vir toelating deur die fakulteit gestel word.

- (iv) Studente moet 'n aanvaarbare vlak van vaardigheid ten opsigte van rekenaar - en akademiese geletterdheid demonstreer. Alle voornemende PhD-studente moet verpligte rekenaar- en akademiese geletterdheidstoetse ondergaan en hul toelating sal van hulle prestasie in hierdie toetse afhang.
- (v) Sels al voldoen die voornemende student aan al die bostaande toelatingsvereistes, kan die aansoek steeds afgewys word op grond van (1) 'n tekort aan kapasiteit in die fakulteit om toereikende studiebegeleiding te verleen en (2) waar die voorgestelde navorsingsonderwerp/tema nie binne die fokus van die bestaande navorsingsprogramme/projekte in die fakulteit geakkomodeer kan word nie.

OP.4.3 ERKENNING VAN VORIGE LEER

Vorige leer soos erken deur die fakulteitsraad.

OP.4.4 STUDIEPROGRAM

- (i) 'n Student vir die Ph.D.-graad moet, tensy die navorsingsdirekteur anders besluit, 'n goedgekeurde program binne die Navorsingsfokusarea, in oorlegpleging met die navorsingsdirekteur, volg. Bywoning van die goedgekeurde program is verpligtend en as die student dit nie sou doen nie, kan sy/haar studies getermineer word.
- (ii) 'n Student wat tot die Ph.D-program toegelaat is, moet binne ses (6) maande na registrasie, 'n navorsingsvoorstel vir goedkeuring aan die M.Ed.- & Ph.D.-programkomitee voorlê. Die goedgekeurde akademiese prosesse en administratiewe sperdatums vir voorlegging, moet gevolg word (A.8.4.7).
- (iii) Indien 'n student in gebreke sou bly om die navorsingsvoorstel binne ses (6) maande na registrasie voor te lê, kan sy/haar studies getermineer word (A.8.4.7).

OP.4.5 DUUR VAN DIE STUDIE

Die minimum duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is twee (2) jaar of na verwerwing van die vereiste 360 krediete en die maksimum tydsduur vir die voltooiing van die doktorsgraad is vier (4) jaar.

OP.4.6 VERLENGING VAN STUDIETYDPERK

- (i) 'n Student wat nie sy/haar studies binne die maksimum studietyd voltooi nie, moet aan die einde van die vierde studiejaar by die navorsingsdirekteur aansoek doen om 'n verlenging van die studietydpark met een bykomende akademiese jaar (A.8.6.1).
- (ii) Die promotor moet 'n motivering vir die verlenging van die studietyd aan die navorsingsdirekteur van die Fokusarea, voorsien.
- (iii) 'n Aansoek om die verlenging van die studietyd moet in die vorm van 'n voorlegging, die volgende toelig (A.8.6.5):
 - a) of die navorsingsonderwerp steeds relevant is;
 - b) watter vordering reeds gemaak is;
 - c) wat nog gedoen moet word om die studie af te handel;
 - d) of die promotor steeds beskikbaar is
- (iv) Indien die studietyd verleng word, sal dit toegestaan word teen 'n heffing wat van tyd tot tyd deur die Raad vasgestel word (A.7.6.6).

OP.4.7

Lys van programme

PROGRAM-KODE	KURRIKULUM-KODE	BESKRYWENDE NAAM	MODULE KODE	KREDIETE
404 111	O902P	Natuurwetenskaponderwys	NWOW 971	360
404 112	O903P	Onderwysbestuur	ONWB 971	360
404 113	O904P	Onderwysreg	ONWR 971	360
404 114	O905P	Opvoedkundige Sielkunde	OPSK 971	360
404 115	O906P	Vergelykende Opvoedkunde	VGLO 971	360
404 116	O907P	Wiskunde-onderwys	WISO 971	360
404 117	O908P	Leerderondersteuning	OPSL 971	360
404 119	O910P	Filosofie van die opvoeding	FOPV 971	360
404 120	O911P	Bewegingsonderwys	BWOS 971	360
404 121	O912P	Rekenaarwetenskaponderwys	RWON 971	360
404 122	O913P	Opleiding en Ontwikkeling	OPLN 971	360
404 130	O914P	Kurrikulum Ontwikkeling Innovasie en Evaluering	DCDM 971	360

OP.4.8 EKSAMINERING

OP.4.8.1 Benoeming van eksaminatore

- (i) Vir die eksaminering van 'n proefskrif moet ten minste drie eksaminatore, wat internasionale eksterne eksaminatore moet insluit, deur die MEd & PhD Eksamenkomitee van die Fakulteit benoem word. Die eksterne eksaminatore moet in die meerderheid wees. Geen eksaminator van 'n proefskrif mag op enige wyse betrokke gewees het by studieleiding aan die student, of as 'n kritiese leser van die proefskrif nie.
- (ii) Studente en hulle promotors moet ten minste drie maande voor die indiening van die proefskrif vir die MEd & PhD Eksamenkomitee skriftelik in kennis stel van hulle voorneme om die proefskrif in te dien vir eksaminering.

OP.4.8.2 Eksaminering

- (i) Die eksamen vir 'n doktorsgraad bestaan minstens uit 'n proefskrif wat die resultate van die student se oorspronklike navorsing bevat (A.8.5.1).
- (ii) 'n Doktorsproefskrif moet vir eksaminering ingedien word (A.8.5.4).
- (iii) Vir die finale uitkoms van die eksaminering van die doktorsgraad is 'n mondelinge verdediging van die proefskrif 'n vereiste (A.8.5.7.5).

OP.4.9 VEREISTES VIR DIE PROEFSKRIF

- (i) 'n Proefskrif moet bydra tot wetenskaplike opvoedkundige navorsing, kenniskonstruksie en insig in die navorsingsdomein, en moet bewys lewer

van oorspronklikheid, hetsy deur die vind van nuwe feite, of deur die beoefening van 'n onafhanklike kritiese navorsingsbenadering (A.8.5.7).

- (ii) 'n Proefskrif moet ten opsigte van die tegniese vereistes voldoen aan die voorskrifte wat die Fakulteitsraad en die nuutste Handleiding vir Nagraadse Studie daaraan stel (A.8.5.7).
- (iii) Indien 'n proefskrif in die vorm van (n) gepubliseerde navorsingsartikel(s) of (n) ongepubliseerde manuskrip(te) in artikelformaat aangebied word, en meer as een sodanige artikel of manuskrip(te) gebruik word, moet die proefskrif steeds as 'n eenheid, aangevul met 'n oorkoepelende probleemstelling, 'n gefokusde en geïntegreerde literatuuranalise en 'n samevattende slotbespreking aangebied word.

OP.4.10

TERMINERING VAN STUDIE

Die studies van 'n student kan beëindig word indien hy/sy die maksimum studietyd oorskry of in die geval van onbevredigende akademiese prestasie (A.8.7). Die akademiese prestasie van die student sal deurlopend vanaf registrasie deur middel van half-jaarlikse vorderingsverslae gemonitor word.